DIE

# VOLKSLEESBOEK

**vir Skool en Huis.**

*Geskik as Leesboek vir standerds VII ; VIII ; IX en X.*
*(Twede druk.)*

*Byna 300 blaaie leesstof, met baie illustrasies voorsien.*

Dit het die uitgewers geluk om die medewerking van 'n aantal bekende vakkundiges te verkry, en hulle name is daar waarborg voor dat die verskillende onderwerpe met wetenskaplike juistheid behandel is. O.a. is daar artiekels geskrywe deur :—

C. J. HOFMEYR, B.A., Hoofonderwyser aan die Jongens Hoër Skool, Pêrel.

C. S. GROBBELAAR, B.A., Lektor aan die Uniwersiteit van Stellenbosch.

J. F. BURGER, M.A., Lektor aan die Uniwersiteit van Kaapstad.

C. VAN DER MERWE, Lektor aan die Uniwersiteit van Kaapstad.

SENATOR LANGENHOVEN, ens., ens.

Enkele pers opienies :—

Die informasie verskaf is heeltemaal op die hoogte van die wetenskap.

Die Volksleesboek sou 'n kostelike present wees aan elke jongmens of wolwassene wat iets vir sy eie ontwikkeling en opbouing wil lees.—*Die Huisgenoot.*

In die boek is daar baie van nut en baie om te lees.—*Die Landbouweekblad.*

Dit is ongetwyfel 'n seer nuttig boek, en behoor 'n plaas in elke huisgesin te hê. Die stukke is baie leersaam.—*Ons Land.*

**PRYS 5/-** *(Harde linne band.)* **POSVRY 5/6**

**Uitgewers :**

# JUTA & KO., BEPERK,

***Uitgewers en Algemene Boekhandelaars.***

**ADDERLEYSTRAAT, 112-118 KAAPSTAD.**

w/P 2/3

G. A. Elliott.

BAA 398.2 VANZ
76/1106

Bequeathed

to

the University of Cape Town Libraries

by

Guy A. Elliott O.B.E.

1975



*Kopierig:* *Carl Fave.*]

SOELOE-KINDERS TUIS.

# SOELOELEGENDES

# EN

# -GEWOONTES.

—

Deur

A. J. VAN ZYL.

JUTA EN KO., BPK.,
KAAPSTAD EN JOHANNESBURG.

D75/277

# INHOUD.

| | |
|---|---|
| | BLADSY |
| Hoe die Dood in die wêreld gekom het .. .. | 5 |
| Ou Jaggewoontes van die Soeloes .. .. .. | 7 |
| ,, Ukugodusa " (Huis-toe stuur) .. .. .. | 9 |
| ,, Ukunyatela " of ,, Umkosi " (Die Fees van die Eerste Vrugte) .. .. .. .. .. | 11 |
| ,, Umtimba " ('n Soeloe-Bruilof) .. .. .. | 16 |
| ,, Ukahlabis' Amadhlozi " (Offerande aan die Geeste) | 20 |
| Die Versoeningsgawe van 'n Knippie Snuif—'n Liefdesverhaal .. .. .. .. .. | 24 |
| ,, Ukukalel 'Amabele " (Gebede vir die koring) .. | 28 |
| Die Verhaal van Zaweete .. .. .. .. | 30 |
| Donder, Aardbewinge en die Reënboog .. .. | 35 |

BAA 398.2 VANZ
76/1106

# VOORWOORD.

HIERDIE reeks sketse oor Soeloelegendes en -gewoontes, wat oorspronklik in „Die Huisgenoot" verskyn het, is, sover die Skrywer weet, die eerste poging in Afrikaans op hierdie gebied wat 'n wye en interessante veld vir studie en navorsing aanbied.

Die Skrywer het dankbare gebruik gemaak van die interessante boekie "Some Zulu Customs and Folk-lore" deur L. H. Samuelson asook van "The Story of a Gold Concession and other African Tales and Legends," deur J. Forsyth-Ingram, F.R.G.S.

As hierdie poging om iets op die gebied van Soeloelegendes en -gewoontes wat vir ons volk veral interessant moet wees ten aansien van die rol wat die Soeloes tydens die Voortrekkersperiode in ons Volksgeskiedenis gespeel het, in Afrikaans te presteer, die nodige belangstelling opwek, sal die Skrywer sy moeite dankbaar beloon ag.

DIE SKRYWER.

Pietermaritzburg,

Mei 1924.

# Hoe die Dood in die wêreld gekom het.

VOLGENS Soeloe-oorlewering het die eerste mense uit 'n riet te voorskyn gekom. „ 'N Kulunkulu "—so word 'n Hoër Wese in wie hulle glo en wat die Groot Een beteken, genoem—het die riet laat oopbars, en daaruit het 'n man en vrou gekom. Toe was daar nog geen dood in die wêreld nie. En „ 'N Kulunkulu " se eerste besluit was dat die mense, net soos die berge, vir ewig sou lewe. Daarom het hy „ Ulunwabu," die trapsoetjies, geroep en hom na die mense gestuur met die boodskap dat hulle vir ewig sou lewe. „ Ulunwabu " was 'n tydsame reisiger en het stadig gegaan. En langs die pad het hy alte heerlike bessies aan 'n struik gewaar. Hy was baie lief vir bessies en het dus eers die struik opgeklouter om heerlik van die bessies te smul.

Inmiddels het „ 'N Kulunkulu " van mening verander. Hy het toe vir „ Intulo," die akkedis, geroep en vir hom gestuur om die mense te sê dat hulle, net soos die plante, sou sterf. „ Intulo " is 'n vlugvoetige diertjie. Hy het bliksemsnel gereis en spoedig vir „ Ulunwabu " agterhaal en verbygegaan. Toe

hy by die mense gekom het, het hy hulle aangesê: „Die Groot Een sê julle moet almal sterf."

Eerlank het angs en vrees geheers, en die mense het een vir een siek geword en gesterf.

Te midde van die ellende en lye het "Ulunwabu" aangekom met sy boodskap van ewige lewe. Maar dit was reeds te laat om die mense te red. Die mense was natuurlik boos vir die tydsame trapsoetjies en hulle het 'n vloek oor hom uitgespreek. Daarom loop die trapsoetjies tot vandag toe nog so bewerig, en daarom haat die Soeloes die trapsoetjies vandag nog. As hulle die kans kry, mishandel hulle hom, en hulle vind daar groot vermaak in om snuif in sy bek te stop. Die akkedis staan bekend as die boodskapper van die dood en word deur hulle gevrees.

## OU JAGGEWOONTES VAN DIE SOELOES.

TOE die land nog wild en woes was, en die vlaktes gewemel het van die wild, het die Soeloes gereeld groot jagtogte onderneem. Gewoonlik het 'n vooraanstaande persoon in 'n buurte so 'n jagtog op tou gesit. Dan word jong Soeloes met takke van 'n seker soort boom—die „umsenga"-boom—rondgestuur om die verkorenes vir die jag te nooi. Almal wat dan die jong Soeloes met „umsenga"-takke in hulle hande sien, vra dadelik wie die jagtog op tou gaan sit, en waar dit sal plaasvind. Dit was die gebruiklike wyse om uitnodigings te stuur, want 'n Soeloe-jongeling mog nie 'n ouer persoon aanspreek voordat hy deur die ouer persoon aangespreek word nie.

Al die genodigdes moet dan die leier van die jagtog op 'n bepaalde tyd en plek ontmoet; en almal moet gewapen en toegerus wees en hulle honde daar hê. Eers dans hulle om die leier en sing hulle vir hom, en dan volg hulle hom na die jaggebied.

As hulle op jag is, en 'n bok word deur meer as een jagter gesteek voordat hy neerslaan, dan behoort hy aan die jagter wat die eerste bloed laat vloei het; en die jagter wat die bok die twede gesteek het of wie

se hond die gekweste bok gevang het, is geregtig op 'n bout ; en die man wat die bok die derde gewond het of wie se hond hom, nadat hy deur die eerste jagter gekwes was, ingeloop het, kry 'n blad as dit 'n groot bok is ; maar as dit 'n klein bokkie is, kry hy niks nie.

As 'n bok deur die honde van die jagparty gevang is sonder dat hy gekwes was, en dit nie met sekerheid kan gesê word wie se hond hom ingeloop het nie, dan behoort die bok aan die leier van die jagparty. In hierdie geval het daar dikwels rusies ontstaan, want almal het hoog en laag gesweer dat sy hond die bok platgetrek het. Die jagters was altyd baie opgewonde as hulle 'n bok teen die grond het ; en as hulle eers begin stry oor die myn en dyn, dan vind hulle aanstons die knopkieries die beste manier om mekaar te oortuig. Hulle vlie gou-gou mekaar in en slaan mekaar die nerwe van die harspan. Wie doodraak, is dood, en die ander het darem goed getakel geraak voor hulle die bok aan die leier van die jagtog, wat die twis besleg, afgee.

## „ UKUGODUSA."
### (Huis-toe Stuur.)

DIE ou wrede Soeloegewoonte „ Ukugodusa," huis-toe stuur, is by die meeste van ons goed bekend. Dit was nl. by die Soeloes 'n vaste gewoonte om die ou volk af te maak, omdat hulle as 'n oorlas beskou is. As 'n ou Soeloe nie af en toe sy verskyning in die koninklike kraal maak nie of as hy te oud en swak was om hom by sy resiment te voeg as dié uitgeroep word, dan word 'n groep soldate deur die koning gestuur om hom „huis-toe te stuur," soos dit geheet het. Die beule sal dan myle en myle aflê om by die slagoffer se kraal te kom en dit gedurende die nag te omsingel. So gou hy die volgende môre uit sy hut kom, word hy bespring en weggevoer om lewendig begrawe of vankant gemaak te word. Dus het al die Soeloes, oud en jonk, die koninklike kraal gereeld van tyd tot tyd besoek om te wys dat hulle nog van diens was. As hulle weens siekte 'n lang tyd tuisbly, en dit kan bewys word dat hulle werklik siek was, verskoon die koning hulle lang afwesigheid ; maar by die volgende koninklike fees moes hulle sorg dat hulle aanwesig was.

Ou Soeloe-meide is op dieselfde manier om die lewe gebring, en dit is dikwels deur hulle ondankbare kinders gedaan. In sommige gevalle is so 'n ou meid eenvoudig na 'n dongha geneem, daarin gestoot, om daar van honger en dors om te kom. Dit was die volksgewoonte en die bevel van die koning, en die ongelukkige slagoffers het eenvoudig daarin berus en hulle beule lydsaam gevolg.

Dieselfde wreedheid is by die geboorte van tweelinge geopenbaar. Die Soeloes het dit ongelukkig beskou om tweelinge te hê, en nog erger was die geboorte van drielinge. Drielinge is altyd as ape beskou, en dadelik na hulle geboorte om die lewe gebring. Van tweelinge is alleen een gespaar, terwyl die ander een op grusame wyse afgemaak is.


## „UKUNYATELA" OF „UMKOSI."

### (Die Fees van die Eerste Vrugte.)

OMSTREEKS Krismistyd het die Soeloes altyd 'n jaarfees wat bekend was as die „Ukunyatela" (die Fees van die Eerste Vrugte), gevier. Die bepaalde datum van die fees het afgehang van die geskiktheid van 'n seker plantsoort wat daarop gebruik is. Dié plantsoort het aan die kus gegroei; en kon soms vroeër en dan weer later gevind word. Omstreeks 'n maand voor die fees het die koning dan 'n gesantskap van vier man en twee knape na die kus gestuur om die nodige plant te vind. Die gesantskap bly dan aan die kus totdat hulle die plant geskik vind. Daarsonder mag hulle nie terugkom nie.

Die jaarfees het gewoonlik vier dae geduur. Oud en jonk, uit alle dele van Soeloeland, moes dit bywoon. Almal wat weens ouderdom daartoe nie in staat was nie, is op bevel van die koning afgemaak, of „huis-toe gestuur," soos dit geheet het. Op die fees moes almal hulle met hulle versiersels optooi. Die versiersels het meestal bestaan uit osserte, vere en krale. Wie hulleself op die slagveld onderskei het, het ook horings op hulle koppe en sekere soorte wortels om hulle nekke gedra.

Ook moes die feesgangers genoeg kos vir die duur van die fees met hulle saamneem. Op die eerste dag van die fees moes die beste en sterkste resiment 'n groot, swart bul vang, verwurg en uitmekaar skeur. Soms het die dier rustig in die veld gewei, en dan moes hy daar aangeval en gedood word. Soms het dit in die beeskraal van die koning geskied, waarby die koning dan aanwesig was. As die moordproses in die veld plaasvind, moes al die vleis na die koning gedra word, sodat hy kon sien dat alles sonder behulp van 'n mes of assegaai gedaan is. Daarna kom die vleis onder behandeling van die dokters, wat dit met 'n mengsel van verskillende soorte medisyne bestryk. Voor dit egter gedaan word, moet die koning eers 'n dosis van die medisyne drink om sy hart wreed en braaf te maak. Intussen moet die koninklike resiment die „Ingobamakosi" (die vernederaars, d.i. persone wat ander verneder) hout bymekaar maak om die vleis te braai. Hulle sny die vleis dan in stukke en braai dit byna tot houtskool. Dit word as 'n groot voorreg deur die resiment beskou en hulle is die enige wat ná die koning van die medisyne kan drink om hulle dapperder te maak. Die orige resimente neem die medisyne nie op dieselfde wyse as die koning en die eerste resiment nie. 'n Hoofman neem 'n stuk gebraaide vleis, hap 'n stuk af, suig die sous uit sonder om die vleis in te sluk en gooi dit vir sy manskappe op. Wie dit vang, hap vir hom 'n stuk af en gooi dit



TWEE SOELOE-KNAPE SKERM.

*Kopiereg: Carl Faye.*

weer op vir die ander. Dan word die bene en horings van die bees verbrand. Gedurende die dae van feestelikheid moet al die knape wat groot genoeg is om tot 'n resiment gevorm te word, „kleza" (drink)—d.i. hulle moet, soos die Kaffertjies vandag nog graag op die boereplase doen, in hulle mond melk en dit so warm drink om hulle daardeur voor te berei om tot 'n resiment gevorm te word.

Op die twede dag van die fees word die genoemde plantsoort gebruik. Die koning staan die môre vroeg op en gaan na sy beeskraal, waar die plant aan hom oorhandig word. Hy ontvang dit, bekyk dit noukeurig en mompel 'n paar woorde, terwyl sy vernaamste manne doodstil om hom in die kraal staan en die resimente buite wag. Dan gooi hy die plant 'n paar keer omhoog en vang dit weer, en gooi dit vir sy manne op. Wie dit vang, gooi dit weer op, sodat 'n twede dit kan vang en weer opgooi. So gaan dit aan totdat almal dit gevang het. Breek die plant in 'n paar stukke, dan word van die stukke vir hierdie opgooi- en vangproses oor die muur vir die resiment gegooi. As almal dan 'n vangbeurt gehad het, kies die koning weer 'n bul uit, wat nes die vorige gedood en behandel word.

Teen die middag verklaar die koning dan dat die fees van die eerste vrugte geëindig was. Daarna mag die volk groen mielies, vroeë pampoen, ens., eet. Voor die fees mag niemand iets uit hulle lande eet nie,

al is dit reeds lankal ryp. Onlangs het 'n huisgesin hier in Pietermaritzburg groen mielies op tafel gehad, maar die Soeloe-kombuis-jong wou daar nie aan proe nie. Hy het gesê dat hy nie groen mielies voor Krismis eet nie. Die straf vir oortreding van die gewoonte was die dood, en 'n Soeloe sou van honger sterf, maar geen groente voor die fees aanraak nie.

In die namiddag van die twede dag begin die dans- en sangparty. Al die Soeloes is dan in feesdrag, en bewaar die graspolle wat hulle raaktrap. Die volgende môre is alles skoon weggetrap.

Die derde dag van die groot fees word daar net geëet en bier gedrink. Vroeg die môre kry elke resiment 'n paar beeste van die koning om te slag en te braai. As die vleis dan verslind is, gaan elke resiment afsonderlik in 'n kring sit. Dan word bier rondgedien in groot kleipotte. Die kelner moet eers daaraan proe om te bewys dat daar geen gif in is nie. Dit is 'n vaste reël by die Soeloes dat as bier aangebied word, die aanbieder eers daaraan moet proe. Die Soeloe op die punt van die kring neem dan die bier, drink, en gee dit vir die volgende een aan. So doen die pot om en om die rondte totdat hy leeg is.

Ondertussen gesels die drinkers lewendig, en onder die drink word die praatlustigheid natuurlik meer en meer aangemoedig. Dan tree 'n gehoringde hanswors te voorskyn wat hom verbeel hy is 'n bul. Hy druk sy

horings in die grond, spring in die lug en verkondig aldeur die grootheid en lof van die koning. Almal moet hulle bewondering vir sy ratsheid en vlugheid betoon en tot sy lof praat.

Op die vierde dag moet elke soldaat 'n dosis medisyne drink om hom braaf te maak. Daarvoor word al die verskillende resimente afgesonder. Dikwels was die denkbeeldige uitwerking van die medisyne so sterk dat die resimente somar daar en dan begin spook en mekaar moor.

Laat in die middag van die dokter-dag moet al die resimente voor die koning verskyn om na die aankondiging van die nuwe wette te luister. Dan word die jong knape tot 'n resiment gevorm, wat deur die koning gedoop word. Dan lewer die koning 'n toespraak, en daarna is die fees op 'n end.

# „UMTIMBA."


## 'n Soeloe-Bruilof.

---

'n Heidense Soeloe-bruilof gaan vergesel van baie seremonies. Of die bruidegom nou al musikale aanleg besit of nie, maar hy moet ruim 'n maand voor die bruilof 'n sangstuk komponeer wat deur hom en sy vriende by dié geleentheid voorgedra moet word. Gedurende die maand oefen die koor dan gereeld, sodat hulle op die bruilof 'n bars kan sing. Die sangstuk bestaan maar uit 'n paar woorde wat oor-en-oor herhaal word. Hier is so 'n bruilof-sang: „Julle wat snuif, sal julle nooit sterf nie?" Die gesang gaan natuurlik gepaard met 'n slingerende lyfgeswaai en dreiende kierievertoon, terwyl die singers trap-trap tyd hou.

Ook die bruid moet haar musikale talente aan die dag lê en 'n bruilofslied komponeer, wat sy en haar vriende gereeld oefen. Die oefeninge vind gewoonlik in die middag plaas, maar soms ook in die aand; en as hulle eers reg op stryk kom, laat hulle somar deurloop tot voordag. Hier is 'n voorbeeld van so 'n bruilofslied: „O liewe! Ek het my moeder verlaat." Of: „Dis my keuse. Ek het my mense verlaat."

As al die voorbereidsels vir die bruilof klaar is, dan stuur die vader van die bruid die dag voor die bruilof twee beeste vooruit na haar toekomstige verblyf. Dit is 'n



TIEPIESE SOELOE-BRUID IN NASIONALE DRAG.

*Kopiereg: Carl Faye*

teken dat sy en haar „udwendwe" (bruidsmeisies) haar woning op die volgende middag sal verlaat. Dan word daar dadelik 'n hut vir haar gereed gemaak waar sy in die aand wat die bruilof vooraf gaan, aankom. As die bruidsmeisies die kraal van die bruidegom bereik, sing hulle en klap hulle hande. Party van hulle dra klippe in hulle hande, waarop hulle slaan om 'n groter lawaai te maak. Dan word hulle die toebereide hut aangewys, waar hulle die heel nag sit en sing. Teen dagbreek gaan hulle na die naaste bos, waar hulle die voormiddag etende en drinkende deurbring. Vleis en bier word aan hulle uit die bruid se toekomstige huis gestuur. So teen agtuur in die môre, stuur die bruidegom 'n boodskapper na die bruid om haar te vra om na sy kraal te kom. Maar hy kom nie terug nie. Hy bly daar. 'n Rukkie later stuur hy weer 'n boodskapper met dieselfde versoek. Ook hy bly daar. En so hou hy aan totdat daar 'n dertig of veertig boodskappers is om die bruid en bruidsmeisies te gaan haal. Ten laaste word 'n bees na die bos gestuur, en dan reken die bruid dat dit nou tyd word om aanstaltes te maak. Dan tooi sy haar deftig op met bruidsversiersels, wat hoofsaaklik bestaan uit 'n nuwe velrok wat goed vet gesmeer is, wit ossterte om haar arms, wit en groen krale om haar nek, middel en bene, vere op haar kop en 'n sluier krale oor haar gesig, terwyl sy 'n mes en 'n asgaai dra om te swaai terwyl sy sing en dans. As die

bruidsmeisies haar met die versiering klaar gehelp het, vorm hulle 'n kring om haar en beskut haar met matte sodat niemand haar kan sien voordat sy haar verskyning voor die bruidegom maak nie. Hy moet haar die eerste in daardie bruidstooi sien. Onderweg steek sy nou en dan haar mes omhoog om te wys waar sy min of meer is. Die bruidegom wag haar koms met enige vriende voor sy kraal geduldig af. As hulle naby kom, val die versamelde skare terug, en stap die bruidsmeisies met hulle verborge skat na die bruidegom. Dié verwyder hulle matte. Die bruid tree te voorskyn, kniel voor die bruidegom en fluister in sy oor : „Ek het nou gekom. Jy sal my goed behandel. Jy sal my begrawe en ek sal jou begrawe," waarop hy ewe plegtig antwoord : „Akkoord. Behandel jy my ook goed."

Dan kry die bruidsmeisies die geleentheid, waarvan hulle natuurlik goed gebruik maak, om die bruidegom goed die les te lees hoe om die bruid te behandel. Dan kom die ou meide aangedans met 'n mieliekop op die punt van 'n asgaai, wat hulle lustig swaai vir die geluk en voorspoed van die bruid. Terwyl dit gebeur, spring die bruidegom en sy vriende weg om hulle te gaan versier. Dit word altyd ná die aankoms van die bruid gedaan. Sy versiersels bestaan ook uit ossterte, pluime en krale, terwyl hy 'n knopkierie en skildvel dra.

As die bruidegom dan opgetooi terugkom, begin die dansery in alle erns.

Dan lewer die bruidegom en sy koor sy musikale kunsproduk, terwyl hulle daarby dans dat dit so klap. As hulle uitgeput is, gaan hulle sit om asem te skep, terwyl die bruid en haar koor aan die sing- en dansbeurt kom. En as die bruid en haar koor weer rus, val die bruidegom en syne weer weg. Die vise-versa-proses van dans en sing hou die hele nag deur aan. Die volgende dag vind die troufees, die „ ukuqolisa " plaas. Daaraan neem net die famieliebetrekkinge en genooide gaste deel. Dié dag gee die bruid al haar maagdelike versiersels van krale, ens., aan haar susters en aan die bruidegom se susters. Sy plaas alles eers in 'n skottel water, haal dan een vir een voorwerp uit en gooi dit vir die gretige ontvangsters.

Op die derde dag vind die laaste deel van die seremonie plaas. Dan moet die bruid probeer om met 'n kind op haar rug na haar ouerlike woning weg te hardloop. As sy dit regkry, moet die bruidegom haar 'n koei present gee om haar weer terug te kry. Dit word dan by die " lobolo," die bruidskat, gevoeg. Maar dis selde dat sy daarin slaag om 'n koei op dié manier te wen, want sy word goed opgepas.

As al hierdie sermonies dan verby is, word die paar as getroud beskou. 'n Soeloejongkêrel kan dus inderdaad sê : Trou is nie perde-koop nie.

## UKUHLABIS' AMADHLOZI.

### (Offerande aan die Geeste.)

IN gevalle van siekte of by sterfgevalle het die Soeloes altyd offerandes aan die „ amadhlozi," die geeste, gebring. Hulle het geglo dat die geeste van die oorledenes herbeliggaam word in 'n seker soort groen slang wat hulle „inyandezulu" genoem en as heilig beskou het. Geen Soeloe sou dit ooit gewaag het om daardie soort slang dood te maak nie, want die straf was die dood.

As iemand ernstig siek was, is die dokter dadelik ingeroep. Hy ondersoek dan die pasjent en gelas daarna om vir die geeste te offer en vir die herstelling van die kranke te bid. Dan word 'n bees of 'n skaap of bok uitgekies en geslag. Terwyl dit gedaan word, bid die hoof van die huis :

„Waak oor ons, o gees van ons vaders. Neem die sieke tog nie van ons weg nie. Hier slag ons vir jou 'n bees. Kom vannag in die hut en eet daarvan. Laat jou toorn dan afgeweer word, en laat ons die kranke behou. O, sien neer op ons in erbarming en hoor ons."

Daarna word die geslagte dier in stukke gesny en in 'n hut opgehang. Selfs die

bloed word daar in 'n kleipot neergesit. Ook word 'n skottel water en 'n snuifdoos vol snuif op die vloer neergesit. Hulle het geglo dat die gees dan gedurende die nag kom, 'n knippie snuif neem, 'n stukkie vleis eet en van die bloed drink en dan weer na sy skuilplek teruggaan.

Hoewel hulle die volgende môre geen tekens van die gees gewaar nie en duidelik kon sien dat daar aan niks in die hut geraak is nie, tog het hulle geglo dat die gees die nag daar was.

Dan word die „usu," die pens van die geslagte dier, aan die dokter gegee om medisyne van te maak. Die dokter kook die pens tesame met plante, en stoom sy pasjent daarmee en gee hom ook 'n bietjie van die mengsel in—wat seker die uitwerking van jalap moes hê. Daarna word 'n stukkie van die „insonyama," regterdeel van die geslagte dier, vir die pasjent gekook. Die res van die regterdeel word in die hut van die sieke opgehang; en daarvan moet hy elke dag 'n stukkie eet. Dit word as 'n toormiddel beskou, en bly daar hang totdat dit al ver heen is op die ontbindingsweg. Die res van die geslagte dier kan dan deur die familielede gebruik word. 'n Ander dier word ook vir die spesiale gebruik van die dokter, solank as hy die pasjent onder behandeling het, geslag. As die pasjent sterf, word die skuld eenvoudig aan die „umtakati," die toornaar, gewyt, en dadelik word die „umngoma," die toordokter, ingeroep om

uit te vind wie die toornaar is. Die gewone dokter ontvang dan sy fooi, en het verder niks met die geval te doen nie.

Sodra die gewone dokter dan vertrek het, vind die begrafnis plaas. Alleen familielede word op die begrafnis toegelaat. Die oorledene word in 'n sittende houding begrawe, en al sy besittinge—klere, matte en kombers—word saam met hom begrawe. Niemand mag iets van die oorledene behou nie, want die gebruik daarvan kan meer sulke sterfgevalle veroorsaak. Geen seremonies vind by die begrafnis plaas nie ; en sodra die graf toegegooi is, word daarop enige doringtakke gelê teneinde die toornaar te verhinder om die lyk te verwyder en dit te gebruik om die dood oor ander te bring. Dan vergaar 'n groot aantal om die kraal ; en as dit die vader van 'n huis is wat oorlede is, roep hulle : „Maye, Babo ! wafa wen 'owakiti." (Wee, vader. Jy het gesterf, jy van ons huis.) Nadat hulle dit gedaan het, gaan almal huis-toe, want niemand mag dié dag met die rouklaende bloedverwante praat nie. Ná die begrafnis gaan al die bloedverwante hulle in die naaste rivier baai. As hulle daarvan terugkom, word daar nog 'n dier vir die gees geslag, en daarby word gebid om die beskerming van die res van die familie. Solank as hierdie geslagte dier dan in die hut vir die gebruik van die gees hang, moet al die familie bossiesmedisyne kou voordat hulle iets eet en selfs voordat hulle snuif. Die bossieskouery word

as 'n voorbehoedmiddel teen die toordery beskou.

Dan volg die roubedrywery. Al die familielede bêre hulle versiersels vir ten minste twee maande. Hulle laat hulle peperkorrels kort skeer en lê geen besoeke by ander af nie en ook dans hulle nie en woon geen feeste by nie. Hulle bly stil tuis. Die afwesige famielielede word dan almal tuis verwag om ook medisyne te kom inneem as 'n voorbehoedmiddel, en 'n troosdokter kom om die treurendes te troos. Ná tien dae word besoekers toegelaat om te kom „kala," simpatiseer. Hulle kom stil in die h t van rou en gaan stil, sonder om 'n woord te praat, met geboë hoofde sit. Dan sê een van die roubedrywers in 'n flou stem : „Sanibona." (Ons sien jou.) En daarop antwoord die besoekers : „Haau ! sikubona ngapi ufelwe nje. Siya kala wena wakiti." (O ! hoe sien ons dat julle verloor het. Ons simpatiseer met julle.) Dan sit die besoekers nog 'n ruk so doodstil, want hulle mag nie gesels nie ; en daarna vertrek hulle sonder 'n woord van vaarwel : hulle werp net 'n droewige blik op die rouklaendes. Gedurende die twee maande van roubedryf, word 'n uitruikdokter ingeroep om die toornaar uit te ruik. Elkeen wat nie kom simpatiseer nie, word dadelik verdink as die toornaar—daarom kom almal simpatiseer, hoewel baie dit uit 'n opregte gevoel van medelye doen—want die Soeloe kan ook met ander voel.

# DIE VERSOENINGSGAWE VAN 'N KNIPPIE SNUIF.

## 'n Liefdesverhaal.

---


DIE Soeloes hou van tabak—maar dan moet dit kwaai wees. Sigarette word deur hulle as 'n groot weelde beskou; en as 'n oorlamse jong met 'n sigaret hier op straat loop, dan word hy deur die minder-bevoorregtes as 'n groot meneer beskou. As jy 'n riksja-trekker se wit tande wil sien, moet jy hom aan die einde van jou reis, behalwe sy fooi, ook nog 'n sigaret gee. Hy sal dit eers met glimmende welgevalle beskou, dit dan tussen sy vingers sag vryf en daarna vir jou 'n vuurhoutjie vra en dan blou skywe blaas, wat hy lustig nakyk, terwyl sy wange nog gedurig hol trek en uitswel tot die laaste entjie van die sigaret sy vingers brand.

Die Soeloes snuif graag; en in die ou tyd het snuif dikwels gedien om twee vriende wat stry gekry het, weer te versoen. Solank as hulle kwaaivriende is, sal hulle nooit saam snuif nie; maar as hulle saak weer besleg is, en hulle het 'n bietjie afgekoel, dan sal die een netnou vir die ander vra:

„Ngi ncwebise ugwai"—Gee my 'n knippie snuif.

Selfs dan mag die ander een, as sy bloed nog kook, sê:

„Dis nog te gou: moenie vir my weer die duiwel in maak nie."



TIEPIESE SOELOE-HOOFMAN IN NASIONALE DRAG.

*Kopiereg: Carl Faye.*]

Die volgende verhaal sal dit bewys:

Twee fris, jong Soeloes wat van kleins af dik vriende was, het op dieselfde jong Soeloe-meid, die dogter van 'n onderhoofman, verlief geraak. Voor dié tyd was die twee jong Soeloe-vriende altyd onafskeidbaar. Hulle het by dieselfde resiment aangesluit. Waar die een gaan, het die ander een gevolg. As die een op jag of na 'n bruilof of dansparty gaan, was die ander een ook daar. Hulle was altyd baie opgeruimd en lewenslustig, en natuurlik ook baie luidrugtig op die partye—anders kan 'n Soeloe nie vrolik wees nie. Maar hulle was twee regte ou „sports" en by almal baie populêr. Hulle het baie aandag aan hulle opskik bestee. Die een het hom altyd opgemaak met wit krale, tierkloue en wit volstruisvere, terwyl die ander een hom weer versier het met rooi krale en rooi en swart volstruisvere. (Ons sal eersgenoemde dus die Witte noem en laasgenoemde die Rooie.) Op die feespartye het die twee daar dus danig deftig uitgesien, want vet en rooiklip het hulle nie vir hulle velle gespaar nie; en hulle het altyd soos twee stalperde geglim.

Die onderhoofman het baie van die twee jongkêrels gehou en hulle gereeld na sy partye uitgenooi; en op die danspartye het sy dogter die bier onder die gaste ronddedien. Vir die twee jong Soeloes was sy baie mooi; gevolglik was altwee gou-gou smoorverlief op haar. Die Rooie het daar en dan besluit om haar vir hom te wen.

Maar hoe? Daar het die knoop gelê. Hy kon nooit met haar 'n kansie alleen kry nie, want sy maat was altyd by—en hy kon darem nie die jongmeid in teenwoordigheid van sy vriend pols nie.

Spoedig het hy egter die gewenste kans gekry. Daar was weer 'n dansparty by die kraal van die onderhoofman, en die twee vriende sou weer daar wees. Maar toe word die Witte siek en kon nie gaan nie; gevolglik het die Rooie alleen gegaan. Tussen die danse het hy 'n kans met die jongmeid gekry, maar hy het 'n bloutjie geloop. Sy het hom sy vermetelheid om die koninklike kleure te dra, verwyt en sy versoek van die hand gewys. (In dié dae het alleen die koninklike geslag rooi krale en rooi papegaaivere gedra.) Hy het dus teleurgesteld teruggegaan; maar hy het sy vriend niks daarvan gesê nie, want hy wou weer probeer.

Toe die Witte gesond was, het die twee by die onderhoofman gaan kuier. Sy dogter het bier vir die gaste ingebring; en sy het meer aandag aan die Witte gegee. Dit het hom moed laat skep. En toe sy weer uit was, het hy vir die onderhoof gesê:

„Jou dogter, Hoofman van die Groot Huis, het my hart gewen. Hoeveel beeste vra jy vir haar?"

Die hoofman het geantwoord:

„Jy is 'n mooi en veelbelowende jongman. Vir iemand anders sou ek sestig beeste gevra het: jy kan haar vir dertig beeste kry."

Die jongkêrel was baie ingenome met die antwoord en het van die eerste die beste geleentheid gebruik gemaak om haar van sy liefde te vertel, en hy was dwarsdeur by haar. Sy vriend se hand was dus in die as geslaan, en hy was woedend. Hy het 'n plegtige eed gesweer dat hulle vriendskap gebreek was en dat hulle vir die res van hulle lewe vyande sou wees, „want," het hy gesê, „ek was die eerste in die veld." Hulle het daar en dan uitmekaar gegaan.

Die gelukkige vryer het die volgende dag dertig beeste na die onderhoofman gestuur om seker te wees van sy toekomstige bruid, en die saak was spoedig beklink. Hy was doodgelukkig, maar het tog sy goeie ou vriend gemis; en so dikwels as hy hom gesien het, het hy gesê:

„My liewe vriend van my kinderdae en van my lewe, kom laat ons weer vriende wees: kom, neem 'n knippie snuif. Dit was nie my skuld dat jy afgewys is nie."

„Nee, dis nog te gou. Eers na jou troue kan dit gedaan word—maar ek wil nie na jou bruilof kom nie. Mag die geeste van my voorvaders my jammer kry en my bewaar om jou of haar nie kwaad te doen nie," het die ander een elke keer geantwoord.

Drie maande na die bruilof het die twee vriende onder 'n boom bymekaar gekom en saam gesnuif en gesweer om hulle griewe te vergeet. Hulle was weer goeie vriende ná die weldadige uitwerking van die knippie snuif.

## „UKUKALEL 'AMABELE."
## (Gebede vir die Koring.)

DIE ou Soeloes het geglo dat daar 'n sekere prinses „Nomkubulwana" (hemelse prinses) was wat af en toe hulle mielie- en kafferkoringlande besoek het om dit vrugbaar te maak. Vir hierdie prinses het hulle dikwels 'n stukkie land as geskenk afgesonder. Daarin het hulle kleipotte vol bier geplaas, waarvan sy op haar besoek kon drink. Dikwels het hulle ook die mielies en kafferkoring met bier besprinkel om 'n voorspoedige oes te verseker.

As die gesaaides in die saad kom, word daar 'n dag afgesonder waarop die jongmeide op die heuwels moet gaan om daar te vas, te huil en te bid. Al die jongmeide dra dan mansklere wat van velle gemaak is. En die mans-Kaffers en knape mag dié dag nie naby hulle kom nie.

Hulle vertrek teen dagbreek en bring die hele dag daar in die veld deur. Hulle graaf 'n paar gate in die sand, plaas 'n paar klein meidjies daarin en gooi dit gedeeltelik toe. Die arme kleingoed moet dan 'n hele tyd daarin bly om uit vrees en benoudheid des te harder te huil, want hoe harder en hoe meer daar gehuil word, hoe meer kans daar

was dat die prinses vir hulle jammer sou kry en hulle oes voorspoedig maak. Dan loop hulle 'n paar keer om die lande en huil en skreeu vir al wat hulle werd is. Nadat hulle die gesaaide met bier besprinkel het en 'n paar kleipotte vol vir die prinses daar neergesit het, gaan hulle hulle in die rivier baai. En dan keer hulle terug na die krale.

## DIE VERHAAL VAN ZAWEETE.

---

BAIE lank gelede, toe die heuwels nog jonk was, het daar naby Lo' Endwive 'n stam gewoon. In daardie dae was koning Zaweete, wat oor die stam regeer het, reeds 'n ou witkop van grenslose wysheid. Deur sy krygslis en die sagtheid van sy spraak en sy raad het hy sy stam groot en sterk gemaak. Maan na maan het verbygegaan in onafgebroke vrede. Saaityd en oestyd het gekom en gegaan; die jongkêrels het jongdogters tot vrouens geneem, en die land was ook vol van die lag van kinders en die sang van vrouens. Een sorg alleen het soos 'n donkere wolk die hart van die koning en die nasie vervul, want, kyk, digteby die groot plek van die koning was daar 'n bos somber en stil. Sedert die begin van die tyd het dit die nasie bedreig. Die vermelding van die naam van die bos was alleen genoeg om die blye sang te laat ophou en die lag van die dapperste stil te maak, want, kyk, uit die ope vlaktes en skaduweeplekke van die bos het daar dag en nag geheimsinnige geluide gekom. Of dit die gevolg van toordery, dan of die bos die woonplek van die geeste van die oorledenes was, kon geen wyse of toornaar sê nie. Maar soveel was seker dat daar gedurende die stilte van die nag en die

môrestond en by sonsondergang sagte, klaende melodies gehoor kon word. Langvergete kryg-sange, deurmekaar gemeng met weeklagte soos dié van persone wat gepynig word, het oor die kruine van die bome heen gewaai. Beeste en bokke is geoffer, medisyne is gebrand, profetesse is gelas om hulle bes te doen om daardie skrik te verdryf. Alles was tevergeefs, want die stemme het voortgekla en gesnik, en die oorlogssange het gestyg soos die geluid van die veraf see of die kabbeling van 'n rivier in die donker.

Die koning het sy mense byeengeroep, en, voor hulle staande, het hy sy regterhand omhoog gehou en gesê :

„O julle krygshelde, julle, kinders van die stam van Lo' Endwive, luister na die woorde van julle koning. Kyk, die stemme van die geeste hinder ons. Ons het beeste en bokke geoffer. Ons het onsself verootmoedig en by monde van ons dokters en profete mooi gesoebat, maar steeds duur die skrik voort. My krygshelde is met sorg vervul en vrees vir die duisternis. Die vrouens wil nie werk nie. Siekte wat uit vrees ontstaan het, heers, en aan die kant van die bos dwaal diegene wat die verlies van kinders beween. Daarom pas dit ons as krygshelde en onverskrokkenes om ons wapens aan te gord en ons land van hierdie enige vloek te verlos. Aangesien die stemme aanhou nadat ons geoffer het, moet ons hulle boos beskou, en daarom verklaar ek, Zaweete, vandag hier in die lig van die

son en voor die heuwels oorlog teen die bos en die stemme van skrik, en gebied julle om op te gaan en die land skoon te maak van die ergernis."

Na 'n gerekte beraadslaging met die krygshoofde, het die koning besluit dat die leër gedurende tien dae aan die kant van die bos sou kampeer en dat hy elke môre sy geledere aaneen sal sluit en luid die geeste sal uitdaag om tot die stryd uit te kom. As daar geen ag op die uitdaging geslaan word nie, sal die krygsmanne met toortse in hulle linkerhand en assegaaie in hulle regterhand die bos binnestorm en dit brand tot daar niks as as oorbly nie.

„Jebo, Inkosi! Jebo, Inkosi," het die krygshelde geroep en hulle assegaaie fier geswaai, terwyl hulle hulle skildvelle bokant hulle koppe gehou het sodat die heuwels bedek was met die kleure van 'n menigte bulle. Maar nietemin was die helde baie swaarmoedig, want dit was nie somar kinderspeletjies om met geeste oorlog te maak nie.

Die volgende môre teen dagbreek het die leër na die kant van die bos getrek en daar gekampeer. Gedurende tien dae het hulle elke môre, as die son opkom, uitgeroep: „Kom uit, kom uit, o bose geeste!" Maar, kyk, die stemme was stil en die bos het onbeweeglik gestaan in die vroeë lig. Nie 'n lewendige ding het hom in die oop vlaktes van die bos beweeg nie, behalwe miskien 'n slang of skerpioen, wat hom beweeg sonder dat 'n mens dit kan hoor.



SOELOE-OORLOGSDANS IN SOELOELAND.

In die aand van die tiende dag het die krygshelde hulle in slagorde gestel en die bos ingeval. Maar nouliks het hulle die grense oorskrei, of die doodse stilte is verbreek. Bosstemme, nugter weet van waar, het uitgeroep, die wenende geklag van kindertjies het die lug vervul en snikke soos alleen die bitterste pyn kon veroorsaak, het die harte van die dapperes met vrees bevang. Maar hulle aanvoerders was voor hulle, en die gebod van hulle koning kon nie verbreek word nie. Spoedig was die bos in beweging asof daar 'n magtige orkaan losgebars het. Klippe, takke en blare het die dapperes links en regs getref. Verblind en verskrik het hulle die bos uitgevlug.

Sodra hulle uit die bos was, het die opskudding bedaar. Die toortse wat hulle gedra het, was weg, want ongesiene hande het dit gegryp en op die grond gesmyt.

Na 'n paar dae het die leër kraalwaarts gekeer, en by hulle aankoms uitgeroep: „Dis tevergeefs. Ons kan teen mense veg en hulle oorwin, maar wie kan dié fluisteringe oormeester, en wie kan dié geluide neervel ? ''

By hulle terugkoms het hulle koning Zaweete in 'n sterwende toestand gevind. Of dit weens sy hoë ouderdom was, dan of dit veroorsaak was deur 'n plaag wat die bosstemme oor hom gebring het, kon niemand sê nie. Toe hy die voetstappe van die krygshelde verneem, het Zaweete sy kop opgelig en luid uitgeroep: „Laat geen hart

vrees nie. Laat geen krygsman of geen vrou uit vrees vir die skrik van die geestestemme buig nie, want, kyk, ek, Zaweete, koning en oorwinnaar, gaan om 'n verdrag met die ongesienes te sluit. Geen kwaad sal my volk meer wedervaar nie, want as ek sterf, dra dan my liggaam na die bos en gooi dit in die skaduwee; aldus sal die skrik verdryf en die koninkryk gesuiwer word." Die volgende dag het die krygsmanne sy lyk na die kant van die bos gedra, en onder die geween en handegeklap van die vrouens het hulle dit met 'n dak van dorings toegedek, terwyl hulle voorrade graan daarby neergesit het.

Van daardie dag af tot vandag toe het die geween en geklaag in fluisteringe verander, die krygsliedere het opgehou en die skrik is verdryf. As 'n krygsman by die bos verbygaan, dan buig hy en sê: „Ho, Zaweete! Ho, wyse! Rus in vrede, want, kyk, jou naam is groot en jou roem is so ewigdurend as die heuwels."

# DONDER, AARDBEWINGE EN DIE REËNBOOG.

'n GEWAARWORDING van ontsettende vrees het hom van die Soeloe-gemoed meester gemaak as daar 'n donderstorm losgebars het, en die flitsende bliksemstrale en rammelende donder het hom van angs laat sidder. Hy het alleen die verwoesting wat die elemente in hulle woestheid kon aanrig, gesien, maar wat daardie mag in beweging bring, het hy nie geweet nie. Hy het dus met groot eerbied van die mag van die elemente gepraat. As die weerlig iemand tref, het hy gesê : Die hemele het dit gedaan. 'n Soeloe wat deur die weerlig getref was, is sonder enige seremonie begrawe, en niemand het oor hom gerou nie. As 'n hut deur die weerlig getref word, word dit onmiddellik vergoed verlaat ; en die bewoners van die hut moes eers deur 'n dokter gereinig word voordat hulle enige gemeenskap met ander kon hê. Selfs die melk van die koeie van die beproefde Soeloe wie se hut deur weerlig getref was, is as onrein beskou voordat die huisgesin onder die behandeling van 'n dokter was. Soms is 'n hele kraal verlaat, omdat die weerlig 'n hut daarin getref het. 'n Boom wat deur die weerlig getref was, kon nie vir vuurmaakhout gebruik word nie.

Dieselfde mate van vrees het 'n aardbewing of sons- of maansverduistering by die Soeloes gewek. Hulle kon daardie natuurverskynsels nie verklaar nie en die geheimsinnigheid daarvan het hulle nog meer laat vrees. Hulle het dit as gewisse voortekens van 'n ontsettende ramp beskou. En daardie bygeloof is versterk toe die neerlaag van Ketsjewaio in 1883 deur 'n aardbewing voorafgegaan is.

As die ou Soeloe, nadat die onweer oorgedryf het, die pragtige kleure van 'n reënboog aanskou, dan het hy vol verrukking gewonder wat die oorsprong van die veelkleurigheid was. En in sy bygeloof het hy 'n verklaring gevind. Die Soeloes het geglo dat daar 'n koningin van die hemele („Inkosikazi"), 'n wese verskillend van „Nomkubulwane," die hemelse prinses, tot wie hulle om die vrugbaarmaking van hulle lande gebid het, was. En die veelkleurige prag van die reënboog was dan 'n verafskaduwing van die heerlikheid van die koningin. Party Soeloes het geglo dat daar 'n veelkleurige dier op die plek waar die reënboog die aarde skyn te raak, staan en dat hy die kleure afgee. Niemand het ooit die dier gesien nie, want wie hom sien, sal onmiddellik sterf.

*Gedruk deur* CAPE TIMES BPK., *Kaapstad.*

3 - FEB 1976

# Uit die Lewe van 'n Gensbok

DEUR

**H. ANT. ASCHENBORN.**

*Pragtig Geïllustreer met heelblad en tekeninge in die teks.*

**Heelblad-Tekeninge:**

'n Flukse knapie (bl. 22) Tietelplaat.
Eén merk daar is iets verkeerd (bl. 3).
Die kolossale ore van die koedoe (bl. 4).
Probeer om 'n bietjie melk te kry (bl. 11).
Slenter deur die bosse heen (bl. 12).
Spelerige tweegeveggies (bl. 13).
Agter sy moeder aan (bl. 15).
Blouwildebeeste het gereëld gekom (bl. 17).
Hulle het 'n klompie tarentale verskrik (bl. 18).
Nou galoppeer hartbeeste verby (bl. 20).
'n Reusagtige kameeldoringboom (bl. 20).
Eén swart verbrande veld (bl. 21).
Die gevaarlike nabyheid van 'n ossewa (bl. 24).
Die volstruise het wag gehou vir hom (bl. 25).

**Gekleurde Plate:**

Een van die fraaiste diere op ons vlaktes (bl. 3).
In die maanskynnagte was hulle daar te kry (bl. 17).

**PRYS 6/- POSVRY.**

*Sterk Gebonde in Linne band.*

**Lees die volgende opienies van die pers:—**

. . . 'n Mens voel dadelik dat hier 'n kunstenaar aan die woord is wat die veld, die jag en die bok ken. Sy styl is veel minder letterkundig as Sangiro syne, maar sy boekie is ook om die literêre inhoud belangwekkend. Dog wat die grootste aantreklikheid daarvan uitmaak is die tekeninge van die skrywer self. Die boek is ryk geïllustreer. Daar is nie een bladsy waarop nie meer as een tekening voorkom nie. Daar is pentekenings en gekleurde tekenings tussen die teks. Afrikaans in hart en uiting is hierdie boekie, en vir die jagter en die man of die kind wat die veld ken is die pentekenings dinge om altyd weer op te soek en die diere in die veld en die voëls in die lug, die bome, die grassies te bekyk en terug te leef in die drome van die stille wêreld. Maar ook die lewensloop van die gensbok wek saamleef en saamvoel by die leser. Dis die verdienste van hierdie verhaal in al sy eenvoud. Met die ryk versameling tekenings is die boekie nie duur nie.—*Die Burger.*

. . . Het is een klein maar fijn werkje, gedrukt op mooi zwaar papier en keurig gebonden, en zal een sieraad voor elke boekenkast zijn.—*Ons Land.*